



KAAP AGULHAS MUNISIPALITEIT
CAPE AGULHAS MUNICIPALITY
U MASIPALA WASECAPE AGULHAS

**NOTULE VAN 'N ALGEMENE RAADSVERGADERING GEHOU OM 09:00 OP DINSDAG
26 MEI 2015 IN DIE MUNISIPALE RAADSAAL TE BREDASDORP**

**MINUTES OF A GENERAL COUNCIL MEETING HELD ON TUESDAY, 26 MAY 2015 AT
09:00 IN THE MUNICIPAL COUNCIL CHAMBERS, BREDASDORP**

RAADSLEDE / COUNCILLORS

Me E Marthinus	Speaker
Mnr R G Mitchell	Uitvoerende Burgemeester
Mnr D Jantjies	Uitvoerende Onder-Burgemeester
Mnr R Mokotwana	Lid van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee
Me P Atyhosi	Raadslid
Mnr D Burger	Raadslid (tot 10:00)
Mnr A Coetzee	Raadsheer
Mnr W October	Raadslid
Mnr J Nieuwoudt	Raadsheer

AMPTENARE / OFFICIALS

Mnr D O'Neill	Munisipale Bestuurder
Mnr H Van Biljon	Direkteur: Finansiële Dienste
Mnr N Kotze	Direkteur: Siviele Ingenieursdienste
Mnr K Mrali	Direkteur: Gemeenskapsdienste
Mnr P Everson	Asst. Direkteur: Elektries
Mnr F du Toit	Nms Bestuurder: Stads- en Streeksbeplanning
Mnr B Swart	Interne Ouditeur
Mnr G M Moelich	Bestuurder: Admin Ondersteuning
Me T Stone	Bestuurder: Strategiese Dienste

1. OPENING

Die Speaker heet die teenwoordiges welkom en Raadsheer Mitchell open die vergadering met gebed.

2. AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID

Mnr S Ngwevu Direkteur: Korporatiewe Dienste

3. NOTULES VAN VORIGE VERGADERINGS VOORGELê VIR BEKRAGTING**3.1 NOTULE VAN ALGEMENE RAADSVERGADERING GEHOU OP:**

3.1.1 28 April 2015

*(Bogenoemde Notule word ingebind in meegaande bylaagboek)***BESLUIT 114/2015**

Die Notule word as korrek en volledig bekragtig.

3.2 NOTULE VAN SPESIALE RAADSVERGADERING GEHOU OP:

Geen.

**4. NOTULES VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE VERGADERINGS OOR
BESLUIE DEUR HOM GENEEM SAAM MET DIE BURGEMEESTERSKOMITEE****4.1 NOTULES VAN UBK VERGADERINGS GEHOU OP:**

4.1.1 28 April 2015

*(Bogenoemde Notule was reeds versprei met die UBK Agenda van 19 Mei 2015)***BESLUIT 115/2015**

Die Raad neem kennis van bogenoemde UBK Notule.

5. NOTULES VAN KOMITEE VERGADERINGS VOORGELê VIR KENNISNAME**5.1 WYKSKOMITEE VERGADERINGS GEHOU OP:**

- WYK 1 : 21 April 2015
- WYK 2 : 27 April 2015
- WYK 3 : 30 April 2015
- WYK 4 : 23 April 2015
- WYK 5 : 22 April 2015

*(Bogenoemde Notules word ingebind in meegaande bylaagboek)***BESLUIT 116/2015**

Die Raad neem kennis van bogenoemde Wykskomitee Notules.

5.2 ICT KOMITEE VERGADERING GEHOU OP:

15 Mei 2015

*(Bogenoemde Notule word ingebind in meegaande bylaagboek)***BESLUIT 117/2015**

- (i) Die Raad neem kennis van bogenoemde ICT Komitee Notule.
- (ii) Dat die Raad kennis neem dat die skootrekenaar (besluit ICT15/2015) reeds aangekoop is binne die bestaande kapitaal begroting.
- (iii) Dat bogenoemde aangeleentheid terug verwys word na die ICT Komitee vir die verandering van die bewoording van die besluit rakende die spesifieke item.

6. SAKE VOORTSPRUITEND UIT NOTULES

Geen.

7. VERKLARINGS EN/OF MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER**7.1 BRIEWE VAN DANK**

Sien skrywe aangeheg op bladsy 1.

BESLUIT 118/2015

Die Raad neem kennis van bogenoemde skrywe ontvang.

7.2 FUNKSIES VIR DIE MAAND

7.2.1 Raadslede en amptenare wat gedurende Meimaand verjaar, word geluk gewens.

7.2.2 Raadsheer Nieuwoudt en mnr Ngwevu word geluk gewens met die geboorte van hul kleinkinders.

7.2.3 'n Mosie van roubeklag word staande aangeneem met die heengaan van mnr Nico August, Gerrit Langeveld se pa en Laurenda Visagie se broer.

7.3 AANWYS VAN AFGEVAARDIGDES

Die Burgemeester en Munisipale Bestuurder word afgevaardig om SALGA se loon onderhandelingsvergadering op 1 Junie 2015 te Kaapstad by te woon.

8. VERKLARINGS EN/OF MEDEDELINGS DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

8.1 Die Burgemeester woon 'n kranslegging by te TVOS.

8.2 Die Burgemeester doen 'n kranslegging in Waenhuiskrans ter nagedagtenis van die drenkelinge van die Arniston skeepsramp.

8.3 Raadsheer Coetzee en die Speaker woon die "tradisionele" spele by wat by die Gemeenskapsentrum plaasgevind het. Raadsheer Coetzee spreek sy kommer uit oor die swak kommunikasie en organisering van die geleentheid.

9. ONDERHOUDE MET AFGEVAARDIGDES EN/OF ANDER BESOEKE**9.1 TOERISME KANTOOR**

'n Nuwe toerisme strategie is onlangs opgestel wat aan die Raad voorgelê moet word vir aanvaarding sodat die nodige diensleweringsooreenkoms tussen die munisipaliteit en toerisme onderteken kan word.

'n Voorlegging deur me Annelien Snyman (Hoof Uitvoerende Beampte) het die volgende ingesluit: 1) Die voorgestelde strategiese plan en 2) Terugvoer aan die Raad oor die kantoor se werksaamhede en vordering sedert haar aanstelling as nuwe CEO, insluitende die aanwending van die fondse wat aan die kantoor toegeken word.

Sy gee ook statistieke van toerisme besoeke sedert 2012 tot 2014. Sy verwys na verskeie projekte hoe die strategie uitgerol sal word.

BESLUIT 119/2015

Die Raad neem kennis van bogenoemde aangeleentheid.

9.2 **RAADSLID NIEUWOUDT: WELLNESS BUS**

Raadslid Nieuwoudt verwys na die "Wellness Bus" wat ons area besoek het. Bekommernis is uitgespreek oor die min flouried wat in die water voorkom, asook die negatiewe uitwerking op kinders se tande.

Die bus besoek Protem, Klipdale, Waenhuiskrans en Ouplaas gedurende Oktober 2015.

BESLUIT 120/2015

Die Raad neem kennis van bogenoemde aangeleentheid.

10.	<u>ITEMS NA DIE RAAD VERWYS VIR OORWEGING</u>	<u>Bladsy: Agenda</u>
10.1	<u>MUNISIPALE BESTUURDER</u>	5
	10.1.1 Approval: Third Revision (2015/16) of the 2012-2016 IDP	5 - 6
	10.1.2 Strategiese- en Operasionele Risiko Aksieplan Vordering - Mei 2015	6 - 7
10.2	<u>TEGNIESE DIENSTE</u>	7
	10.2.1 Kapitale Fondse vir sleepwa (water afdeling)	7
10.3	<u>KORPORATIEWE DIENSTE</u>	8
	10.3.1 Lease: Agri Dwala, Napier	8 - 10
	10.3.2 Approval of Human Resources Policies	11 - 12
	10.3.3 Voorlegging: Veiligheids- en Gesondheidsverslag	12 - 13
	10.3.4 Ondersteuning van KAM Aan Agri Mega Properties	13 - 15
10.4	<u>FINANSIËLE DIENSTE</u>	15
	10.4.1 Approval: Annual Budget - 2015/16 Financial Year	15 - 17
	10.4.1 Oudit Aksieplan 2013/14 (OPCAR): Maandelikse Vordering	18
11.	<u>ITEMS DEUR DIE UBK/BURGEMEESTER NA DIE RAAD VERWYS VIR OORWEGING</u>	18
	11.1 Verslag van die Direkteur: Finansiële Dienste vir April 2015	18 - 19
	11.2 Huur van SAAME-Saal: Round Table L'Agulhas	19 - 20
12.	<u>DRINGENDE SAKE DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER</u>	20
	12.1 Shelter for victims of family violence	20
13.	<u>OORWEGING VAN KENNISGEWING VAN MOSIES</u>	
	Geen.	
14.	<u>OORWEGING VAN KENNISGEWING VAN VRAE</u>	
	Geen.	

15. **OORWEGING VAN DRINGENDE MOSIES**

Geen.

16. **VERSLAG DEUR MUNISIPALE BESTUURDER OOR DIE UITVOERING VAN RAADSBESLUIE**

Lys van onafgehandelde Raadsbesluite verskyn op **bladsy 21**.

17. **IN-KOMITEE VERSLAE:** Die In-Komitee agenda word as 'n aparte dokument gemerk "In-Komitee" versprei.

18. **SLUITING**

10. **ITEMS NA DIE RAAD VERWYS VIR OORWEGING**

10.1 **MUNISIPALE BESTUURDER / MUNICIPAL MANAGER**

10.1.1 **APPROVAL OF THE THIRD REVISION (2015/2016) OF THE 2012-2016 INTEGRATED DEVELOPMENT PLAN**

REPORT BY THE MANAGER STRATEGIC SERVICES

PURPOSE

The purpose of this report is to present the Integrated Development Plan (IDP) Review for 2015/2016 to the Council for approval.

LEGAL FRAMEWORK

Integrated Development Planning is regulated by Chapter 5 of the Local Government Municipal Systems Act, Act 32 of 2000 read together with the Municipal Finance Management Act, Act 56 of 2003.

In terms of section 25(1) of the Municipal Systems Act, each Municipal Council must adopt a single, inclusive and strategic plan for the development of the Municipality within a prescribed period after the start of its elected term. The Municipality adopted its 2012-2016 IDP in May 2012.

Section 34 of the Municipal Systems Act, requires Municipalities to review their Integrated Development Plans annually in accordance with an assessment of its performance and to the extent that changing circumstances demand. Amendments to the IDP must be done in accordance with the prescribed process.

Section 21 of the MFMA requires the mayor of a municipality to co-ordinate the processes for preparing the annual budget and for reviewing the municipality's integrated development plan and budget-related policies to ensure that the tabled budget and any revisions of the integrated development plan and budget-related policies are mutually consistent and credible.

Section 53(1) (b) of the MFMA provides that the mayor of a municipality must co-ordinate the annual revision of the integrated development plan in terms of section 34 of the Municipal Systems Act and the preparation of the annual budget, and determine how the integrated development plan is to be taken into account or revised for the purposes of the budget.

DISCUSSION

This is the third review of the 5 year IDP (2012-2017) of Cape Agulhas Municipality which was compiled through an extensive process of public participation and active involvement from all stakeholders.

This IDP review aims to evaluate the performance of the Municipality in terms of its strategic objectives as contained in the IDP and also reflect on the updated priorities of the various communities in the Cape Agulhas Municipal Area. **This review must be read in conjunction with the 2012-16 IDP as the review does not constitute a new IDP.**

The Draft IDP Review for 2015/16 was tabled together with the Draft Budget for 2015/16, 2016/17 and 2017/18 on 30 March 2015 in accordance with the Time Schedule of Key Deadlines approved by the Council on 26 August 2014.

The Draft IDP and Budget were then made public and a series of Mayoral Imbizo's took place during April to solicit the Communities comments. The closing date for public comment was 8 May 2015. The public input received on the Draft IDP Review and Budget were considered by the Mayor and revisions made accordingly.

The main comment received on the Draft IDP was that it did not contain a clear strategic direction for Local Economic Development within the Municipality. This will be rectified through the development of a revised LED Strategy that aims to consolidate and build on what has already been done. This is also reflected as a Key Performance Indicator on the Municipality's Top Layer SDBIP.

MANAGEMENT RECOMMENDATION

That the third revision (2015/16) of the 2012 – 2016 Integrated Development Plan of the Cape Agulhas Municipality be approved in terms of Section 34 of the Local Government: Municipal Systems Act (Act 32 of 2000).

RESOLUTION 121/2015

That the Management recommendation be accepted as a resolution of Council.

10.1.2 **KAAP AGULHAS MUNISIPALITEIT STRATEGIESE- EN OPERASIONELE RISIKO AKSIEPLAN VORDERING - MEI 2015 (MB)**

DOEL VAN VERSLAG

Om die vordering met die strategiese- en operasionele risikoregister aksieplanne soos op einde Mei 2015 aan die Raad voor te lê vir oorweging en bespreking.

AGTERGROND

Die vordering met die bogemelde aksieplanne word op 'n maandelikse grondslag gemoniteer vir vordering of identifisering van aangeleenthede wat die vordering belemmer.

Die verslag wat aangeheg word op bladsy 2 tot 9 is die vordering soos op einde Mei 2015 en word aan die Raad voorgelê vir oorweging en bespreking waar nodig geag.

PERSONEEL IMPLIKASIES

Geen.

FINANSIËLE IMPLIKASIES

Onbekend.

BESTUURSAANBEVELING

Dat die vordering met die strategiese- en operasionele risiko aksieplanne soos op einde Mei 2015 oorweeg en aanvaar word.

BESLUIT 122/2015

Dat die vordering met die strategiese- en operasionele risiko aksieplanne soos op einde Mei 2015 goedgekeur en aanvaar word.

10.2 TEGNIËSE DIENSTE / TECHNICAL SERVICES**10.2.1 KAPITALE FONDSE VIR SLEEPWA (WATER AFDELING) (16/1/2/2/2 - DTD) (ALLE WYKE)
CAPITAL FUNDING FOR TRAILER (WATER SECTION) (16/1/2/2/2 - DTS) (ALL WARDS)****DOEL VAN VERSLAG / PURPOSE OF REPORT**

Oorplasing van fondse in die kapitale begroting ten einde die riool sleepwa te befonds.

AGTERGROND / BACKGROUND

In die huidige kapitale begroting is voorsiening gemaak vir die aanskaf van 'n riool sleepwa. Daar word egter nog R15 000,00 hiervoor benodig.

Die Midblok Waterlyne-projek is begroot vir R270 000,00. Die tender (T30/2015) is goedgekeur vir R251 523,29 (BTW uitgesluit, 15% onvoorsiene uitgawes ingesluit) en sal 'n besparing toon van R18 000,00. Die surplus is dus beskikbaar om die sleepwa se begroting aan te vul.

FINANSIËLE IMPLIKASIES / FINANCIAL IMPLICATIONS

Geen, slegs oorplasing.

BESTUURSAANBEVELING

Dat die bedrag van R15 000,00 vanaf posnommer 59068 0821 na 59064 1651 oorgeplaas word om die riool sleepwa te befonds.

AANBEVELING: PUBLIEKE WERKE KOMITEE

Dat die Bestuursaanbeveling ondersteun word.

BESLUIT 123/2015

Dat die Bestuursaanbeveling as besluit van die Raad aanvaar word.

10.3 KORPORATIEWE DIENSTE / CORPORATE SERVICES

10.3.1 LEASE: AGRI DWALA - COMMONAGE, NAPIER (7/1/31 - DKD) (COLLAB 124662)

PURPOSE OF REPORT

TO CONSIDER: Approval of extension of the current lease of a portion of Napier commonage to the Agri Dwala (PTY) LTD in the interest of the wider community through primary and production agriculture or food security and local economic growth.

BACKGROUND

An application has been received from Agri Dwala to review the current lease of a portion of commonage (617 ha in extent), Napier, to utilized for projects aimed at small scale farming and emerging farmers. They ask an additional 10 year lease for a new organization, that forms part of Agri Dwala, namely Amaqhawa Agri (Edms).

Food security, development of small scale farming and emerging farmers as well as development of the economy are key national objectives and local government is obliged to implement national objectives where the required capacity exists and contribute towards Vision 2030.

MAYORAL COMMITTEE

The Mayoral Committee took the following decision on 9 December 2014 (BK233/2014):

Council resolved in principle that:

The public participation process required by Regulation 35 (MATR) for long term contracts of this nature is authorised in terms of Regulation 34(3) (MATR).

A long term lease of 10 years on the same provisions as the current lease agreement, having taken into consideration (Regulation 35 of MATR) the reasons for the duration of the lease, the fact that the municipality does not require the land for own purposes; local economic benefits, food security enhancement etc subject to:

- a. final decision by Council after completion of the public participation process; and*
- b. comments, if any, from Provincial and National Treasury.*

Dat meer inligting ingewin word aangaande die nuwe groep wat gaan deel uitmaak van Agri Dwala, waarna dit weer voor die UBK sal dien vir bespreking met 'n aanbeveling na die Raad. Dat die aangeleentheid na die Raad verwys word vir oorweging.

ADVERTISING

On 5 February 2015 the advert was placed in the local newspaper:

OBJECTION RECEIVED

One objection was received from Beatrice du Toit:

TREASURY

The National and Provincial Treasury were informed on 30 January 2015.

FINANCIAL IMPLICATIONS

Income derived from the commonage for the benefit of the municipality, national and provincial funding for local projects and growth of the local economy benefitting the community.

PROPOSED LEASE

Therefore, keeping the Mayoral Committee's decision of 9 December 2014 in mind, the lease is calculated as follows:

Markverwant R1 855 / ha per jaar	617 ha
JAAR 1	R 1 144 535,00
JAAR 2	R 1 201 761,75
JAAR 3	R 1 261 849,84
JAAR 4	R 1 324 942,33
JAAR 5	R 1 391 189,45
JAAR 6	R 1 460 748,92
JAAR 7	R 1 533 786,36
JAAR 8	R 1 610 475,68
JAAR 9	R 1 690 999,47

LEGAL CONSIDERATIONS

The following legal considerations are applicable:

MFMA	Sect 33: Contracts having long term financial implications
MATR	<p>1. Definition of "fair market value" relates to amount a knowledgeable and willing seller sells to a knowledgeable and willing buyer in an "arm's length transaction;</p> <p>2. Definition of "high value asset": <i>"fair market value of the capital asset exceeds any of the following amounts:</i></p> <p>a) <i>R50 million;</i></p> <p>b) <i>One percent of the total value of the capital assets of the municipality.</i></p> <p>c) <i>An amount determined by resolution of the council of the municipality ... which is less than (a) or (b).</i></p> <p>3. Definition of "right to use, control or manage": when granting such rights do not amount to permanent transfer or disposal.</p>
	<p>For in-principle resolution</p> <p>1. Chapter 2 of MATR</p> <p>2. Regulation 33(3) (where the asset is required to remain economically useful, indefinite period and full use and control as if owner (without legal transfer)</p> <p>3. Regulation 35 (long term)(public participation)</p>
	<p>For final approval</p> <p>1. Regulation 34 (decision-making),</p> <p>2. Regulation 35 (public participation)</p> <p>3. Regulation 36 (granting right to use)</p> <p>4. Regulation 40 (considerations)</p> <p>5. Regulation 41 (conditional approval)</p> <p>6. Regulation 45(agreements)</p>
SCM Regulations SCM Policy	Regulation 40 (Disposal Management) letting of land for community benefit (job creation, economic growth, agrarian development etc)
Systems Act	Sect 21A (public participation)
Town Planning legislation	Not applicable. Current use and other matters in order.

MANAGEMENT RECOMMENDATION: 12 MARCH 2015

Since the property is not needed in terms of Section 14(2)(a) of the Local Government: Municipal Finance Management Act for the provision of the minimum level of basic services, Council approves the lease of a portion of Erf 513 Napier (617 Ha) for the amount of R12 620 288,80 to Agri Dwala for a period of 9 years and 11 months , provided that :

- (i) All statutory requirements for the lease are met.
- (ii) The property immediately retreats to Council and the agreement will be cancelled if the tenant does not comply with the lease.
- (iii) Manager: Property Administration to complete the lease agreement.

BESLUIT 34/2015 / RESOLUTION 34/2015 : 12 MARCH 2015

Since the property is not needed in terms of Section 14(2)(a) of the Local Government: Municipal Finance Management Act for the provision of the minimum level of basic services, Council approves the lease of a portion of Erf 513, Napier (617 Ha), in terms of the policy approved by Council on 9 December 2014, resolution no. 268/2014 to Agri Dwala for a period of 9 years and 11 months, provided that:

- (i) All statutory requirements for the lease are met.
- (ii) The property immediately retreats to Council and the agreement will be cancelled if the tenant does not comply with the lease.
- (iii) That Council take note of the objection received after the public participation process.
- (iv) That all outstanding amounts must be paid in full before the new agreement comes into effect.

Nadat die Raad die bogenoemde besluit op 12 Maart 2015 geneem het, is korrespondensie vanaf Agri Dwala Bestuur ontvang waarin hulle spesifiek versoek ten opsigte van die wysiging van die ooreenkoms, aan die Raad versoek.

Hierdie versoeke handel spesifiek oor (sien aangehegte skrywe op bladsy 10 tot 14):

1. Paragraaf 2.3 : "Huurgeld betaalbaar aan die einde van die jaar."
2. Nuwe invoeging van paragraaf 2.4 : "finansiële verslag aan die raad teen 15 Desember."
3. Wysiging van paragraaf 10.2 : "onderverhuring."
4. Invoeging van paragraaf 17.3 : "voedingstatus van die grond."

Die aangeleentheid is aan die Munisipale Bestuurder voorgelê, en sy skriftelike kommentaar word aangeheg op bladsy .

BESTUURSAANBEVELING /MANAGEMENT RECOMMENDATION

- (i) Dat, paragraaf 2.3 soos versoek, gewysig word: "dat huurgeld betaalbaar is aan die einde van die oesjaar (voor 31 Desember) om sodoende die huurder kans te gee om die kontant te genereer deur die jaar."
- (ii) Huurgeld sal net bereken word op die werklike hektare beplant.
- (iii) Dat, paragraaf 2.4 soos versoek, ten opsigte van onderhandelings oor huurgeld, nie goedgekeur word nie.
- (iv) Dat, paragraaf 10.2 soos versoek, ten opsigte van verdere onderverhuring, nie goedgekeur word nie aangesien die bestaande ooreenkoms reeds voorsiening maak vir "onderverhuring met toestemming van die Raad".
- (v) Dat goedkeuring gegee word vir die invoeging van paragraaf 17.3 ten opsigte van voedingsstatus met 'n minimum pH van 5.5. en fosfaat vlakke van nie laer as 20 dele per miljoen (soos bepaal deur die departement van Elsenburg se grondontledingsafdeling).

BESLUIT 124/2015

- (i) Dat die Bestuursaanbeveling (uitgesluit (iii) hierbo) as besluit van die Raad aanvaar word.
- (ii) Dat Agri Dwala wel geleentheid gebied word om 'n aanbieding aan die Raad te maak, indien uiterste toestande die oes nadelig beïnvloed.

10.3.2 **APPROVAL OF HUMAN RESOURCES POLICIES (MHR)**

PURPOSE OF REPORT

To present to Council the following policies for approval:

- | | | |
|----|---------------------------|-----------------|
| 1. | Fleet Management | (page 15 - 25) |
| 2. | Induction and Orientation | (page 26 - 30) |
| 3. | Outside Work | (page 31 - 33) |
| 4. | Probationary Period | (page 34 - 39) |
| 5. | Leave | (page 40 - 43) |
| 6. | Reward and Recognition | (page 44 - 45) |

BACKGROUND

As determined through the recent municipal risk management exercise, the regular review of policies has been identified as a high risk with an overall rating of 15. In terms of the risk assessment report recommendation as adopted by Council on 29 August 2013 (Resolution 231/2013) this item has been included in the internal audit plan for 2013/14.

To ensure that this matter is fully addressed and to avoid Auditor-General findings in the future the audit will be conducted on all policies of the municipality.

The abovementioned policies were served before management and the unions on 18 March 2015 and again to the unions on 14 May 2015 for discussion and input.

COUNCIL POLICY

Risk Management Policy.

PERSONNEL IMPLICATIONS

None.

FINANCIAL IMPLICATIONS

Unknown.

OTHER ROLE-PLAYERS/UNIONS/MANAGERS

Accepted at a LLF meeting on Thursday 30 April 2015.

MANAGEMENT RECOMMENDATION

That Council approves the following Human Resources Policies:

1. Fleet Management Policy
2. Induction and Orientation Policy
3. Outside Work Policy
4. Probationary Policy
5. Leave Policy
6. Reward and Recognition Policy

BESLUIT 125/2015

- (i) That Council approves the following Human Resources Policies:
1. Fleet Management Policy
 2. Induction and Orientation Policy
 3. Outside Work Policy
 4. Probationary Policy
- (ii) That Council approves the following Human Resources Policies, after the following amendments:
1. **Leave Policy:**
 - 14(f) - Been scraped.
 - Add 14(i) - That leave encashment can only be recommended by the Head of the Department and approved by the Municipal Manager.
 2. **Reward and Recognition Policy:**
 - 5.2 - Two days off or "dinner for two" with a **maximum** value of R500.
- (iii) That all policies be annually reviewed.

10.3.3 **VOORLEGGING: VEILIGHEIDS- EN GESONDHEIDSOUDITVERSLAG (BMH)****DOEL VAN VERSLAG**

Om die Eksterne Veiligheids- en Gesondheidsouditverslag van April 2015, soos aangeheg op bladsy 46 tot 79 aan die Raad voor te lê.

AGTERGROND

In 2009 is 'n Veiligheidsoudit van Kaap Agulhas Munisipaliteit gedoen deur Safety Net. Die doel van die oudit verslag was om die Raad leiding te gee ten opsigte van die veiligheid- en gesondheidsaspekte binne die werksplek. Verskeie tekortkominge was uitgewys in die 2009 verslag wat deur 'n proses deur die Direkteure afgehandel moes word.

Die verslag se implementering was gemonitor deur die veiligheidskomitee waar die Direkteure terugvoering moes gee oor die vordering

In April 2015 is Safety Net gekontrakteur om 'n veiligheidsoudit vir Kaap Agulhas Munisipaliteit te doen. Die doel van die verslag was om te bepaal of die aspekte wat uitgewys was in die 2009 verslag volledig en korrek afgehandel is en ook om nuwe aangeleenthede en tekortkominge uit te wys.

RAADSBELEID

Beroepsgesondheid- en Veiligheidsbeleid.

PERSONEEL IMPLIKASIES

Geen.

FINANSIËLE IMPLIKASIES

Om sekere aspekte in die verslag te implementeer sal koste aangegaan moet word. Die koste impak is onbekend en sal elke direkteur in sy begroting voorsiening moet maak vir die regstellings.

BESTUURSAANBEVELING

- (i) Dat die Raad kennis neem van die Veiligheidsoudit wat gedoen was.
- (ii) Dat die Direkteure verantwoordelikheid neem vir die implementering van die verslag in hul onderskeie departemente.
- (iii) Dat die Veiligheidsoudit verslag deur die Veiligheidskomitee gemonitor word en verslagdoening by Veiligheidskomitee vergaderings deur onderskeie departemente gedoen word.

BESLUIT 126/2015

- (i) Dat die Bestuursaanbeveling as besluit van die Raad aanvaar word.
- (ii) Dat 'n maandelikse vorderingsverslag aan die Raad voorsien word.

10.3.4 **ONDERSTEUNING VAN KAAP AGULHAS MUNISIPALITEIT AAN AGRI MEGA PROPERTIES : MEGA PARK EVENTS & EXPO'S**

DOEL VAN VERSLAG

Om oorweging te skenk aan finansiële- en logistieke bydrae tot die Mega Park Events en Expo's, wat insluit die Mega PetEx, Tip of Africa, Cape Floral Kingdom, Agri Mega Week en Mega Sport Classic.

AGTERGROND

Die volgende "events" word deur Agri Mega Properties gedurende 2015 aangebied:

- Mega PetEx 1 - 4 Julie 2015
- Tip of Africa 24 - 26 Julie 2015
- Cape Floral Kingdom 27 - 30 Augustus 2015
- Agri Mega Week 16 - 19 September 2015
- Mega Sport Classic 16 - 18 Oktober 2015

Die geleentheid wat groot bemerkingsgeleentheid vir ons pragtige omgewing is, vind plaas te Mega Park, Bredasdorp.

Kaap Agulhas Munisipaliteit het in 2009, 2010 en 2011 as hoofborg opgetree vir die Voet van Afrika Marathon (nou Mega Sport Classic). Groot getalle atlete van reg oor die land, besoek hierdie uitsoek geleentheid.

VERSOEK:

1. Oorweging in 2015 en jaarliks daarna vir een van die volgende borgskapopsies vir die Voet van Afrika Marathon:
 - **Diamond Sponsorship:**
 - › R350 000 p.a. or R900 000 over 3 years (50% in 2015 / 30% in 2016 & 20% in 2017)
 - a special arrangement to be negotiated for 2015 to ensure access to the platform
 - **Platinum Sponsorship:**
 - › R300 000 p.a. or R750 000 over 3 years (50% in 2015 / 30% in 2016 & 20% in 2017)

- **Golden Sponsorship:** › R250 000
- **Silver Sponsorship:** › R100 000
- **Brons Borgskap:** › R 25 000

'n Voorlegging is reeds op 28 April 2015 deur mnr Jan Greyling aan die Raad gedoen. Sien aangehegte skrywes op bladsy 80 tot 88.

2. **Beskikbaarstelling van Kaap Agulhas Munisipaliteit se kundigheid, personeel en fasiliteite.**
KAM se hoof-uitgawe is:
 - Oortyd vir Siviele dienste, asook:
 - Vullisverwydering.
 - Gryswater verwydering.
 - Beschikbaarstelling van ekstra vullisdromme.
 - Deurlopende vullisverwydering.
 - Voldoende voorraad swart sakke.
 - Vullisverwyderingstrok op kort kennisgewing beskikbaar stel, sou daar nood ontstaan.
 - Oortyd vir Verkeersdepartement sowel as Verkeersdienste.
 - Oortyd en lewering van dienste deur Wetstoepassing.

KOSTES VIR DIE RAAD:

1. Vullisverwydering Oortyd uitgawe:

Weeksdae (Vrydag)	:	R720 per dag
Saterdag	:	R1 320 per dag
Sondag	:	Ons doen nie vullisverwydering op die Sondag, maar voorsien wel 'n wa om in te stort.
Indien die diens vereis word :		R1 900 per dag

Kostes vir vullisverwydering:

Mega PetEx	:	1 - 4 Julie 2015	R3 480
Tip of Africa	:	24 - 26 Julie 2015	R3 360
Cape Floral Kingdom	:	27 - 30 Aug 2015	R2 760
Agri Mega Week	:	16 - 19 Sept 2015	R6 960
Mega Sport Classic	:	16 - 18 Okt 2015	R4 360

- Bedrae sluit nie Sondag in nie - Sondag se vullis word Maandag verwyder.
- Vullisverwydering sal dus net op weekdae en Saterdag plaasvind.
- Sondag kan die vullishouer (20 m³) gebruik word.

2. Kostes vir begeleiding / reguleringsdienste deur Verkeer / Law Enforcement dienste

Koste uitgewerk teen R318,00 per beampte per uur:

1. **Tip of Africa** 24 - 26 Julie 2015 Koste: ± R61 056,00
(“Horse Endurance Ride” Begin in die oggend 03:00am tot hele dag oor 3 dae)
2. **Agri Mega Week** 16 - 19 September 2015 Koste: ± R 6 360,00
(Hanteer slegs die Interseksies/kruisings en koste is slegs bepaal op die na-ure diens oor naweek)
3. **Mega Sport Classic** 16 - 18 Oktober 2015 Koste: ± R42 612,00
(Vrydag aand –Toontjie: – 2 ure / Saterdag – Die Voet: - 9 ure (04:00-13:00) / Sondag – Mountain Biking:- 4 ure)

Die kostes is nie op dubbel tyd vir Sondag bereken nie en ook nie op 1.5 vir Saterdag nie.

Voordele:

- (1) Bemaking van die hele KAM-omgewing.
- (2) Erkenning as borg gedurende geleentheid.
- (3) As borg gelys in amptelike Mega Sport Classic Agri Mega publikasie.
- (4) Geleentheid vir skakeling in VIP area.
- (5) Geweldige finansiële inspuiting in die hele gemeenskap (Skole, kleuterskole, jeugraad, sportklubs, ens).
- (6) Geweldige finansiële inspuiting vir ekonomies-sukkellende- sakeondernemings soos gastehuse, restaurante, motordiensstasies, winkels ens.

Op die **Konsep Begroting 2015/16** is die volgende voor begroot:

1/20/16/1/2010/01/00	Voet van Afrika	R50 000,00
1/20/16/1/2010/01/00	Mega Week	R50 000,00
1/20/16/1/2010/01/00	Cape Floral Kingdom Expo	R20 000,00

FINANSIËLE IMPLIKASIE

1. 'n Eenmalige bydrae/donasie uit die Bemerkingsfonds (1/20/10/1/2010/01/00) (R120 000) aan Mega Park Events & Expo's
2. Uitgawes ten opsigte van Verkeer, Tegnieese Dienste en Wetstoepassing

BESTUURANBEVELING

Voorgelê vir oorweging deur die Raad.

BESLUIT 127/2015

- (i) Dat die versoek om borgskap nie aanvaar word nie.
- (ii) Dat beginsel goedkeuring gegee word vir die volgende finansiële hulp en versoeke:
 - 'n Eenmalige bydrae uit die Bemerkingsfonds (1/20/10/1/2010/01/00) (R120 000) aan Mega Park Events & Expo's.
 - Alle uitgawes ten opsigte van Verkeer, Tegnieese Dienste en Wetstoepassing deur die owerheid aangegaan sal word.
 - Dat uitbetalings, soos in die konsep begroting verwys, per gebeurtenis gedoen sal word (Voet van Afrika - R50 000, Mega Week - R50 000, Cape Floral Kingdom Expo - R20 000).
 - Dat R15 000 spesifiek vir die Toontjie aangewend sal word waartydens gratis deelname van plaaslike skole gesubsidieer moet word.
 - Dat prominente uitstallingsruimte gratis aan Kaap Agulhas Munisipaliteit voorsien word.
- (iii) Dat bogenoemde besluit uitgevoer word ná oorweging van Agri Mega se geouditeerde finansiële state, soos bepaal in die Raad se Donasiebeleid.

10.4 **FINANSIËLE DIENSTE**

10.4.1 **APPROVAL OF THE ANNUAL BUDGET IN RESPECT OF THE 2015/16 FINANCIAL YEAR**

PURPOSE OF REPORT

To submit the annual budget for the 2015/16 financial year for approval by Council as prescribed in the Municipal Finance Management Act (MFMA) and in terms of guidelines received from National Treasury per MFMA circular no. 70 & 72.

In terms of the Municipal Finance Management Act (MFMA), section 24, the municipal council must at least 30 days before the start of the budget year consider approval of the annual budget.

Subsequent to the tabling of the draft annual budget to Council on 30 March 2015 and in compliance with section 23 of the MFMA, the following consultation processes and meetings were held with community and identified stakeholders on the contents of the budget in respect of the 2015/16 budget year:

- | | |
|--|-----------------------|
| • Budget Information Session | 19 December 2014 |
| • Distribution of Budget Preparation Documentation | 22 December 2014 |
| • Budget Input – HOD / Managers | 16 January 2015 |
| • Budget Workshop with HOD's / Managers | 23 - 25 February 2015 |
| • Budget Workshop with Councillors | 10 - 11 March 2015 |
| • Submission Draft IDP / Budget to Council | 30 March 2015 |
| • National Treasury and Provincial Treasury | 13 April 2015 |
| • Budget consultative meeting with community: | |
| ❖ Ward 1 - Napier Community Hall | 16 April 2015 |
| ❖ Ward 2 - Liefdesnessie Hall | 21 April 2015 |
| ❖ Ward 3 - Nelson Mandela Hall | 14 April 2015 |
| ❖ Ward 4 - Glaskasteel Sports Complex | 20 April 2015 |
| ❖ Ward 5 - Arniston Community Hall | 23 April 2015 |
| • Budget Assessment visit by Provincial Treasury | 29 April 2015 |

In terms of section 23(1) of the MFMA the Mayor must consider any views of -

- a) the local community; and
- b) the National Treasury, the relevant Provincial Treasury and any organs of state or municipalities which made submissions on the budget.

The inputs and comments made by the community during the budget consultation process as well as the following written inputs received have been considered by the Executive Mayor as prescribe in terms of the above-mentioned legislation:

- Six individual residents in respect of Waenhuiskrans / Arniston area;
- Martinus Prinsloo on behalf house owner pensioners - Waenhuiskrans
- Trevor Drabbe on behalf of Seacottage Owners - Arniston;
- Eve Marthinus – Speaker of Cape Agulhas Municipality budget comment / input;
- Bredasdorp Residents Association;
- Zukiswa Tonisi on behalf of ward 3 community members;
- DA councilors comment / budget input;
- Cape Agulhas Business Chamber;
- Napier Residents Association; and
- Provincial Treasury

A copy of the letters and appropriate response by the Executive Mayor is attached as Annexure "A" for information. Recommendations made by Provincial Treasury during its assessment visit in respect of the draft 2015/16 budget have been addressed and incorporated where applicable.

National Treasury through its regular MFMA Circulars provided guidance on the content and format for municipal budget documentation in respect of the 2015/16 Medium Term Revenue and Expenditure Framework. All municipalities are required to adhere to the prescribed format with regard to the content and format of budget documentation. The required table of content as provided by National Treasury is as follows:

- **Mayoral Budget Speech:** - High-level summary of the budget that draws on executive summary and highlights key deliverables during the coming years.
- **Budget Related Resolutions:** - Draft resolutions must be included with the budget documentation tabled to full council.
- **Budget:** - The budget includes the executive summary; budget schedules – operating & capital to be approved by council; budget related charts and explanatory notes to the budget.
- **Supporting Documentation:-** Budget process overview; Alignment of budget with IDP; Budget related policies – overview and amendments; Budget assumptions; Funding the budget; Disclosure on allocations made by municipality; Disclosure of salaries, allowances and benefits; Monthly cash flows by source; Measurable performance objectives and disclosure on implementation of MFMA as well as other legislation.

The operating and capital budget for the 2015/16 financial year is attached as annexure for consideration and approval by Council.” **(Bound separately)**

The Municipal Manager, in consultation with the Director: Finance, recommends as follows:

MANAGEMENT RECOMMENDATION

- (i) Council resolves that the annual budget of the municipality for the financial year 2015/16 as per Budget Related Resolutions of the budget document and indicative for the projected outer years 2016/17 and 2017/18 be approved as set out in 1.8 Annual Budget Tables in respect of the following schedules:
 - 1.1 Executive summary of revenue & expenditure – Table A1;
 - 1.2 Budgeted Financial Performance (Revenue and Expenditure by standard Classification) –Table A2;
 - 1.3 Budgeted Financial Performance (revenue and expenditure by municipal vote) A – Table A3;
 - 1.4 Budgeted Financial Performance (revenue and expenditure) – Table A4;
 - 1.5 Budgeted Capital Expenditure by vote, standard classification and funding – Table A5;
 - 1.6 Budgeted Financial Position – Table A6;
 - 1.7 Budgeted Cash Flows Table A7;
 - 1.8 Cash backed reserves/accumulated surplus reconciliation – Table A8;
 - 1.9 Asset Management – Table A9;
 - 1.10 Basic service delivery measurement table A10;
 - 1.11 Council notes Part 2 - Other related Supporting Documentation completed where applicable from Table SA1 to SA37.
- (ii) Council approves and adopts the tariffs listing for services as per Appendix A with effect 1 July 2015.
- (iii) Council takes note of the Mayor’s Time Table per Appendix B.
- (iv) Council takes note that SDBIP in respect of the 2015/16 budget year be submitted to the Executive Mayor for approval on the 9 June 2015 as indicated per Appendix C.
- (v) Council notes the approved policies and agrees that the amended Supply Chain Management Policy, Petty Cash Policy and the Property Rates Policy in respect of the 2015/16 budget year be submitted for consideration and approval before the end of June 2015.

RESOLUTION 128/2015

- (i) That the Management Recommendation be accepted as resolution of Council.
- (ii) That an information brochure regarding the 2015/2016 budget be compiled for distribution to the public.

10.4.2 ODUIT AKSIEPLAN 2013/14 (OPCAR): MAANDELIKSE VORDERING - MEI 2015 (DFD)**DOEL VAN VERSLAG**

Oorweging van die vordering met die goedgekeurde 2013/14 Oudit Bevindinge Aksieplan (OPCAR) vir die tydperk Mei 2015.

AGTERGROND

Na aanleiding van die Ouditeur-Generaal se oudit op die 2013/14 finansiële jaar is daar sekere leemtes uitgewys wat aangespreek moet word. Hierdie bevindinge is in die Oudit Bevindinge Aksieplan opgeneem en bepaalde regstellende stappe is bepaal om die bevindinge aan te spreek.

Die vordering word ook aan die Oudit- en Prestasie-Ouditkomitee voorgelê en word ook op 'n gereelde grondslag met die Ouditeur-Generaal bespreek. Die vordering met die plan word verder op 'n kwartaallikse grondslag aan die Wes-Kaapse Provinsiale Tesourie voorgelê. Die verslag wat hierby aangeheg is op bladsy 89 tot 96, is 'n aanduiding van die vordering wat met hierdie aksieplan gemaak is soos op einde Mei 2015.

PERSONEEL IMPLIKASIES

Geen.

FINANSIËLE IMPLIKASIES

Geen.

BESTUURSAANBEVELING

Oorweging, bespreking en aanvaarding van die munisipaliteit se vordering insake die implementering van die Oudit Aksieplan voortspruitend uit die bevindinge van die Ouditeur-Generaal vir die 2013/14 finansiële jaar soos op einde Mei 2015.

BESLUIT 129/2015

Dat die vordering insake die implementering van die Oudit Aksieplan voortspruitend uit die bevindinge van die Ouditeur-Generaal vir die 2013/14 finansiële jaar soos op einde Mei 2015, aanvaar word.

11. ITEMS DEUR DIE UBK / UITVOERENDE BURGEMEESTER NA DIE RAAD VERWYS**11.1 VERSLAG VAN DIE DIREKTEUR: FINANSIËLE DIENSTE VIR APRIL 2015
REPORT FROM THE DIRECTOR: FINANCIAL SERVICES FOR APRIL 2015**

Verslag aangeheg op bladsy 97 tot 135.

(In terme van artikel 52(d) van die MFMA moet die Uitvoerende Burgemeester 'n verslag voorlê rakende die implementering van die begroting en finansiële aspekte van die Raad, wat vervat en ingesluit is in die artikel 71 verslag.)

BESTUURSAANBEVELING

Dat die Raad kennis neem van die maandverslag van die Direkteur: Finansiële Dienste vir April 2015 ingevolge Artikel 52(d) van die MFMA en soos voorgelê deur die Burgemeester.

BESLUIT 130/2015

- (i) Dat die Bestuursaanbeveling as besluit van die Raad aanvaar word.
- (ii) Dat 'n volledige verslag gedurende Junie 2015 aan die Raad voorgelê sal word aangaande die oorspandering van oortydbetalings.

11.2 **HUUR VAN SAAME-SAAL: ROUND TABLE L'AGULHAS 245 (7/2/4 - BPD)****DOEL VAN VERSLAG**

Oorweging van 'n aansoek ontvang vanaf die Roundtable L'Agulhas 245 om weer die SAAME-Saal te huur (sien skrywe aangeheg op bladsy 136).

AGTERGROND

Die Round Table is 'n nie-winsgewinde organisasie wat fondse insamel en aanwend vir nood in die plaaslike gemeenskap en het die SAAME-Saal gehuur sedert 2005. Tydens 2014 het die Raad die kontrak opgeskort om voorsiening te maak vir 'n rehabilitasie sentrum wat deur Tehillah bedryf sou word. Die sentrum het nooit gerealiseer nie.

Dit dien verder gemeld te word dat die perseel intussen erg gevandaliseer is en het Round Table onderneem om die skade te herstel asook die perseel te onderhou.

FINANSIËLE IMPLIKASIES

Huurtarief betaalbaar deur Round Table L'Agulhas 245.

BESTUURSAANBEVELING

- (i) Dat die perseel aan die Round Table verhuur word vir 'n periode van 3 jaar met 'n opsie om die kontrak te verleng.
- (ii) Dat 'n huurbedrag, bepaal deur Finansiële Dienste, betaalbaar sal wees.
- (iii) Dat die Round Table verantwoordelik sal wees om die gebou en perseel te herstel en instand te hou.

AANBEVELING: PUBLIEKE WERKE KOMITEE: 12 MEI 2015

Dat die Bestuursaanbeveling ondersteun word.

UBK BESLUIT BK90/2015: 19 MEI 2015

- (i) Dat die Publieke Werke Komitee se aanbeveling as besluit van die Burgemeesterskomitee aanvaar word.
- (ii) Dat, aangesien die Round Table onderneem om die saal te herstel, die organisasie vrygestel word van huurgeld vir jaar een, waarna 'n markverwante huur betaalbaar sal wees.
- (iii) Dat hierdie aangeleentheid na die Raad verwys word vir oorweging.

BESLUIT 131/2015

- (i) Dat die perseel aan die Round Table verhuur word vir 'n periode van 3 jaar met 'n opsie om die kontrak te verleng.
- (ii) Dat, aangesien die Round Table onderneem om die saal te herstel, die organisasie vrygestel word van huurgeld vir jaar een, waarna 'n markverwante huur betaalbaar sal wees.
- (iii) Dat die Round Table verantwoordelik sal wees om die gebou en perseel te herstel en instand te hou.

12. DRINGENDE SAKE DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER**12.1 SHELTER FOR VICTIMS OF FAMILY VIOLENCE****PURPOSE OF REPORT**

The purpose of this report is to inform council that Heavenly Promise 48 conducted their presentation on 13 May 2015 as per council resolution 110/2015 in order to establish the shelter for victims of family violence.

BACKGROUND

Council requested that Heavenly Promise 48 conducted a presentation on the recommendations of the Department of Social Development before the tender can be awarded to them. The presentation was held on 13 May 2015 at the Council Chambers. Three Social Workers from the Department of Social Development, the Director for Community Services, The Human Development Manager, the Mayor, Deputy Mayor and two representatives from Heavenly Promise attended the presentation.

The organization's presentation complied with the recommendations of the Department of Social Development.

CONCERNS RAISED

- Professional service of a social worker.
- Safety of the victims with regards to the kind of fencing and access control.
- The presence of the soup kitchen that will infringe the privacy of the victims.

MANAGEMENT RECOMMENDATION

- (i) That Council award the tender to Heavenly Promise.
- (ii) That Cape Agulhas Municipality inform the community in ward 2 about the implementation of the Shelter for victims of family violence.
- (iii) Council to determine a nominal fee for lease.
- (iv) Cape Agulhas Municipality to conclude a lease agreement with Heavenly Promise 48.

(Munisipale Bestuurder nie teenwoordig tydens bespreking van die aangeleentheid nie.)

BESLUIT 132/2015

- (i) That Council accept the proposal of Heavenly Promise to operate a safe house.
- (ii) That Cape Agulhas Municipality inform the surrounding residents about the implementation of the shelter for victims of family violence.
- (iii) That Council determine a nominal fee for lease of R10 per year, without escalation.
- (iv) That Council conclude a lease agreement for three years with Heavenly Promise 48, with a fall-back clause.
- (v) That the maintenance of the building will be for the account of Heavenly Promise 48.
- (vi) That Council take note that improvements to the building will be done by doners and that all furniture will become the property of Council.

16. **ONAFGEHANDELDE RAADSBESLUIT**

Besluit Nr	Onderwerp	Verkorte Besluit	Vordering	Verantwoordelike persoon
205/2014	Kantoorakkommodasie	(iv) Dat erwe 581, 591 en 3652, Bdorpe op 'n openbare veiling vervreem word met 'n insetwaarde gekoppel aan die markwaarde soos bepaal. (v) In gesprek getree word met 'n ontwikkelaar om die Raad te adviseer rakende die toekomstige moontlike gebruike van erwe 581, 591 en 3652. (vi) Moontlikheid om erwe 581, 591 en 3652, Bredasdorp op 'n openbare veiling te vervreem ondersoek word en verslag aan die Raad voorgelê word.	Punte (i) tot (iii) is reeds afgehandel. 'n Verslag oor punte (iv) tot (vi) sal weer aan die Raad voorgelê word.	MB
261/2014	Rekening: 4 ^{de} Aanvullende Waardasie vir 2012/2013 : De Kock Lloyd	Volledige verslag rondom die aangeleentheid aan die Raad voorgelê word vir oorweging.		DFD
56/2015	Verhuring: Erwe 852,857 en 854, Sbaai (mnr Rossouw) (7/R)	Terug verwys word na verdere ondersoek met spesifieke verwysing na die spesifieke erf waarin aansoeker belangstel en bevestiging dat erf of 'n gedeelte daarvan nie alreeds verhuur word nie.		BSSB
57/2015	Verhuring munisipale grond vir gemeenskaps-ontwikkelingsaktiwiteite (mnr Rhode en Norton) (7/R)	Terug verwys word vir verdere ondersoek.	Word in Mei 2015 weer aan die Raad voorgelê.	BSSB
63/2015	Beskikbaarheid van publieke ablusiegeriewe in Struisbaai (7/R)	(i) Gemeenskapsdienste dringend a item aan die Raad voorlê om aangeleentheid te finaliseer. (ii) Raad in 2015/2016 voorsiening maak vir vervanging van ablusiegeriewe soos reeds besluit in 2013.		BSSB
70/2015	Market Analysis: Retirement Village, Bredasdorp	Ontwikkelingsvoorstelle vir die gedeelte weer gevra word.		BSSB
73/2015	Vervreemding: Erwe 111, 1112, 1113, 1114, 1115, 1330, 1331, 1332, 1333, 1334, 1335, 1336, 1337 en 1338, Napier	Voordat vervreemding plaasvind, die Direkteur: Tegnieiese Dienste 'n volledige verslag met finansiële implikasies aan die Raad voorlê t.o.v. installering van munisipale dienste.	Water en elektrisiteit is beskikbaar vir aansluiting. Riooltenke sal opgerig moet word.	BSSB
75/2015	Vervreemding: Erf 5476, Bredasdorp (mnr Olivier) (7/R)	Terug verwys word vir verdere ondersoek.	Dat die kwessie oor die verskuiwing van die ankerpaal verder ondersoek word.	BSSB
105/2015	Vervreemding: Erf 5221, Bredasdorp (Waxa)	Terug verwys word vir moontlike ontwikkelingsvoorstelle.		BSSB

BESTUURSAANBEVELING

BEKRAGTIG op hierdie

dag van

2015

Dat die Raad kennis neem van die onafgehandelde Raadsbesluite.

BESLUIT 133/2015

- (i) Dat die Bestuursaanbeveling as besluit van die Raad aanvaar word.
- (ii) Dat die volgende besluit geskrap word: 75/2015.
- (iii) Dat 'n volledige verslag aangaande Raadsbesluit 73/2015 weer aan die Raad voorgelê word, met kosteberamings.

SPEAKER**DATUM:**

Hierna gaan die Raad In Komitee om sake van vertroulike aard te bespreek.